# SWART ARBEIDERS BUITE DIE MYNE IN JOHANNESBURG TOT 1899*

**J J Fourie**
*Akademie, Windhoek, S.W.A.*

## Die trek na die stad

Alhoewel dit by uitstek die mynindustrie was wat van swart arbeid gebruik gemaak het, het ander industrieë, private huishoudings en munisipale dienste ook 'n behoefte aan sodanige arbeid gehad. Die arbeidsgeleenthede in die stad was een van die vernaamste redes vir die koms van die swartman. Waar die myne uitsluitlik van kontrakarbeiders gebruik gemaak het, het die arbeidsmark in die stad aan sowel kontrakarbeiders as diegene wat nie onder 'n werkskontrak was nie werkgeleenthede gebied. Die kontrakarbeiders was tydelike werkers wat aan die einde van hulle dienskontrakte na hulle stamgebiede teruggekeer het. Daarteenoor het die groep swartes wat nie onder 'n dienskontrak na die stad toe gekom het nie uit tydelike sowel as permanente werkers bestaan.

Swartes wat op die goudmyne gewerk het, het 'n vrye toegang tot die stad en die omliggende voorstede gehad en het spoedig met die genietinge van die stadslewe vertroud geraak. Baie van hulle het van hulle dienskontrakte op die myne gebruik gemaak om 'n werk in die stad te kry. Nadat die swartman die eerste keer deur die werwingsagent na die Randse myne gebring is, het hy die tweede keer op sy eie gekom en by private instansies of mense in die stad gaan werk.[1]

Sekere maatreëls wat op die swart arbeiders op die myne van toepassing was, het ook daartoe bygedra dat baie van hulle verkies het om liewer in die stad werk te gaan soek. Na die verlaging van die swartes se lone gedurende Junie 1897 het baie van hulle in die stad as huisbediendes gaan werk.[2] Die werwingsfooie wat van die mynarbeiders se lone afgetrek is, het veroorsaak dat hulle gedros het, en liewer in die stad gaan werk het waar dit nie die geval was nie. Die sekretaris van die Henry Nourse-myn het hierdie verskynsel soos volg uitgedruk: "It means that the companies are supplying all the outside contractors, storekeepers, householders, and others that require native labour".[3]

Aan die begin was die swartes in die stad slegs tydelike arbeiders wat net vir kort tydperke gekom het om kontant te verdien. Daar het egter 'n geleidelike verandering ingetree sodat die stamkapteins gekla het dat van hulle onderdane verskeie jare in die stad vertoef en nie opgespoor kon word nie.[4] Gedurende die 1898-sitting van die Eerste

---

*Uittreksel uit Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis gereproduseer ingevolge die Staatsdrukker se Outeursvergunning 8568 van 15 Augustus 1986.

1. Vergelyk in die verband I. Schapera: Western Civilization and the Natives of South Africa, Studies in Culture Contact (J.D. Rheinallt Jones: Social and Economic Condition of the Urban Native), pp. 169–170.
2. *The Star*, 3 Mei 1897: Houseboys' Wages.
3. Witwatersrand Chamber of Mines: Annual Report, 1896 (H.W. Tudhope — Sekretaris Kamer van Mynwese, 15 Desember 1896), p. 107.
4. S.N. 67 Inkomende Stukke SR 2507/99: Telegram Spesiale Onder-kommissaris Sekoekoenieland — Superintendent van Naturelle, 4 Julie 1899.

Volksraad het die lid vir Waterberg, Du Plessis de Beer, beweer: "Zooals thans wisten sommige kafferkapteins niets een welke hunne kaffers waren, want op de goudvelden waren kaffers, die er reeds jaren verbleven ..."[5]

Daar bestaan geen betroubare statistiek wat die tempo van die swartes se trek na die stad weerspieël nie. Die enigste behoorlike sensus wat voor die Tweede Vryheidsoorlog geneem is, is op die nag van 15 Julie 1896 deur die Gesondheidskomitee gehou. Volgens hierdie sensus het die bevolking van Johannesburg binne 'n straal van 4,8 kilometer vanaf Markplein bestaan uit:[6] 50 907 Blankes; 952 Maleiers; 4 807 Asiate; 42 533 swartes; 2 879 Kleurlinge (gemengde of ander rasse). Vier en twintig van die goudmyne het binne die straal van 4,8 kilometer geval. Van die 42 533 swartes het net 14 195 binne die jurisdiksie van die Gesondheidskomitee geval. Die etniese verdeling van die swartmense binne die jurisdiksie van die Gesondheidskomitee was soos volg:[7]

| | Man | Vrou | Totaal |
|---|---|---|---|
| Basoeto | 2 194 | 210 | 2 404 |
| Gaika en Galeka | 93 | 9 | 102 |
| Pondo en Amabaka | 455 | 4 | 459 |
| Tembu | 211 | 45 | 256 |
| Amaxosa | 1 747 | 249 | 1 996 |
| Fingo | 1 131 | 433 | 1 564 |
| Zoeloe | 5 173 | 119 | 5 292 |
| Mashona en Matabele | 65 | 5 | 70 |
| Tonga | 56 | 6 | 61 |
| Swasie | 80 | 3 | 83 |
| Inhambaan | 132 | 7 | 139 |
| Shangaan | 1 381 | 82 | 1 463 |
| M'Chopi | 13 | 1 | 14 |
| Ander | 230 | 62 | 292 |
| TOTAAL | 12 961 | 1 234 | 14 195 |

Uit hierdie gegewens blyk dat meer as die helfte van die swartes in die stad uit Basoeto's en Zoeloes bestaan het. Daarteenoor is dit opmerklik dat so min Transvaalse swartes in die stad gewoon het — ten spyte daarvan dat hulle die naaste aan die Rand was. Die teenwoordigheid van so baie swartes afkomstig uit Natal, Basoetoland en die Kaapkolonie kan daaruit verklaar word dat hulle nie geneë was om ondergronds in die myne te werk nie. Die rede vir die klein aantal Transvaalse swartes in die stad is nie duidelik nie.

Notulen van den Eersten Volksraad, Art. 819, 14 Julie 1898, p. 482.

Z.A.R. 96 Regulasies Gesondheids Komitee, ens., 1890—1897, Diverse: Johannesburgse Gezondheids Comité, Sanitasie Departement, Census 15 Julie 1896, Rapport van den Census Directeur, p. VII; J.S. Marais; The Fall of Kruger's Republic, p. 1.

7. Z.A.R. 96 Regulasies Gesondheids Komitee, ens., 1890—1897, Diverse: Johannesburg Gezondheids Comité, Sanitasie Departement, Census, 15 Julie 1896, Rapport van den Census Directeur, Deel II, Opgawe No. IV.

## Arbeidsmark

Volgens die sensus van 15 Julie 1896 was die verdeling van swartmans en -vrouens binne die jurisdiksie van die Gesondheidskomitee soos volg in die onderstaande beroepe en bedrywe:[8]

| | Mans | Vrouens | Totaal |
|---|---|---|---|
| Beroep of amp beklee | 220 | 6 | 226 |
| Huislike werk ....... | 3 948 | 553 | 4 501 |
| Handelaars ........ | 1 437 | | 1 437 |
| Landbouers ........ | 752 | — | 752 |
| Industrie .......... | 5 834 | 4 | 5 838 |
| Onbepaald ......... | 41 | 17 | 8 |
| Nie gespesifiseer .... | 304 | 524 | 828 |
| Afhanklikes......... | 425 | 130 | 555 |
| TOTAAL | 12 961 | 1 234 | 14 195 |

Hierdie indeling het baie tekortkominge aangesien dit nie 'n duidelike omskrywing van die soort werk gee nie. Dis byvoorbeeld nie duidelik wat met "beroep of amp" bedoel word nie. Dis ook nie duidelik waar die landbouers hulle landbou beoefen het nie, of wat die verskil is tussen "onbepaald" en "nie gespesifiseerl" nie. Daarby maak dit ook nie voorsiening vir beroepe soos munisipale dienste nie.

Dit is nie moontlik om al die verskillende soorte werk wat die swartes in die stad verrig het breedvoerig te bespreek nie. Gevolglik word net aandag gegee aan die vernaamste soorte werk, asook dié wat 'n spesiale instelling in Johannesburg was.

Die Gesondheidskomitee en die latere Stadsraad van Johannesburg was een van die vernaamste verskaffers van werkgeleenthede aan swartes. Aangesien Johannesburg geen rioolstelsel gehad het nie, moes alle badwater en afval met muilkarre en waens na deponeerplekke vervoer word. Vir hierdie doel is 'n reigingsafdeling gestig wat hoofsaaklik van swart arbeid gebruik gemaak het. Net soos die mynarbeiders was hulle ook tydelike arbeiders op 'n kontrakbasis. Gedurende 1897 was daar 707 swartmans in diens van die reinigingsafdeling.[9]

Hierdie swartes is in soortgelyke kampongs as die mynarbeiders gehuisves. Gedurende 1893 het die Gesondheidskomitee 'n stuk grond van die Gaswerke van die regering verkry vir die oprigting van 'n kampong om die swartes in diens van die Gesondheidskomitee te huisves. Gedurende 1897 het die N.Z.A.S.M. die stuk grond waarop die kampong geleë was, in besit geneem. Die regering het daarop 'n nuwe stuk regeringsgrond ten noorde van die lokasies (waaroor later) en ten weste van Vrededorp aan die Stadsraad geskenk waarop 'n kampong gebou kon word.[10] Teen die einde van

Z.A.R. 96 Regulasies Gesondheids Komitee, ens., 1890—1897, Diverse: Johannesburg Gezondheids Comité, Sanitasie Departement, Census 15 Julie 1896, Rapport van den Census Directeur, Deel VII, Opgawe 1.

9. (Johannesburgse Openbare Biblioteek) Johannesburg City Archives Annual Reports by various Departments: Jaarverslag van die Gesondheidsinspekteur oor 1897, Statistieke en Bylae no. 2.

10. Z.A.R. 96 Regulasies Gesondheids Komitee, ens., 1890—1897, Diverse: Stadsraad Johannesburg, Jaarlijksch Rapport over het Jaar eindigende den 31sten Desember 1897, Sanitasie Dept., p. 10.

1897 is die kampong teen 'n koste van £15 391:10s.:9d. voltooi. Dit het voorsiening gemaak vir akkommodasie van al die nie-blankes in die munisipale diens, kwartiere vir die blanke personeel en akkommodasie vir al die rollende materiaal asook vir 450 muile. In sy jaarverslag vir 1897 sê die gesondheidsuperintendent: "De Compound is ongetwijfeld de beste in Zuid-Afrika, heeft haar eigen wateraanvoer door twee artetische pompen, en electrische verlichting".[11]

Op aanbeveling van die Gesondheidskomitee het die regering op 8 November 1893 sekere aanvullende regulasies vir die Johannesburgse Gesondheidskomitee in die *Staatscourant* gepubliseer. Aangesien dit nodig geword het om "zekere ernstige onheilen in dwang te houden en te voorkomen, ontstaande uit de gewoonte thans in gebruik komende onder de kleurling-bevolking onder de jurisdictie van het Gezondheids-Comité van Johannesburg door weigering in dienst te treden dan alleen als jobbers of daglooners," word bepaal dat geen nie-blankes toegelaat sal word om binne die jurisdiksie van die Gesondheidskomitee te bly nie, tensy hy as 'n weeklikse, maandelikse of jaarlikse arbeider by 'n huurder of eienaar van vaste eiendom in diens tree.[12] Nie-blankes wat nie 'n vaste werk kon kry nie, en wat verkies het om los werk te doen, moes as dagloners by die Gesondheidskomitee geregistreer word en 'n maandelikse lisensie van 2s.:6d. uitneem. Teen betaling van een sjieling sou 'n kenteken aan hulle verskaf word wat aan die linkerarm gedra moes word. Sodanige dagloner sal dan verplig wees om sy diens aan enige persoon wat dit mag benodig teen die heersende daaglikse loon aan te bied, naamlik ses pennies per uur of drie sjielings per dag van agt werksure.[13]

Alhoewel dagloners nie in die munisipale diens was nie het hulle onder die toesig van die Gesondheidskomitee en die latere Stadsraad gestaan. Gedurende 1894 was daar maandeliks gemiddeld 40 dagloners geregistreer en gedurende 1899 is daar 2 987 lisensies deur dagloners uitgeneem. Hulle werkgeleenthede was hoofsaaklik tot die markgebou en die spoorwegstasie vir die dra van bagasie en pakkette beperk.[14] Met die uitbreek van pokke in 1897 het die Gesondheidskomitee alle nie-blankes verbied om die markgebou binne te gaan. Hoedat hierdie verbod die werkgeleenthede van die dagloners geraak het, word soos volg in *The Star* beskryf: "Boarding-house-keepers and large householders have been in the habit of engaging kaffir 'boys' to carry their purchases home. The 'boys' now stand in rows at the doorways soliciting engagements, and the manner in which some of them show the palms of their hands and their tongues and roll round the whites of their eyes to show they are not infested with smallpox is intensely amusing".[15]

Johannesburg het nooit die ongerief van 'n "wasdag" gehad nie. Omdat Johannesburg nie 'n rioleringstelsel gehad het nie, is huiseienaars verbied om hulle klere self te was, omdat daar geglo is dat die weggooi van seepwater in die strate die omgewing sou besoedel. Gevolglik moes alle wasgoed na wasplekke buite die stad gestuur word om gewas te word.[16]

---

11. *Ibid.*
12. Z.A.R. *70 Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, Deel XIII, No. 678, 8 November 1893, pp. 1149—1150.
13. *Ibid.*
14. Johannesburg City Archives Inspekteur van Kleurlingen, Reports: Weeklikse rapport van die Inspekteur van Kleurlinge, 8 Maart 1894.
15. *The Star*, 14 Desember 1897: Street Scenes.
16. *Ibid.*, 20 April 1898: Johannesburg's Wash-tub.

As gevolg van die uitbreek van pokke aan die begin van 1893 het die Spesiale Kinderpokkekomitee by die Uitvoerende Raad aanbeveel dat alle persone wat by die was van klere betrokke was onder die toesig van die Gesondheidskomitee geplaas moes word en maandeliks 'n lisensie van 2s.:6d. moes uitneem. Die Blanke vrouens van die Steenmakersgronde het hierteen besware ingebring. Hulle het daarop gewys dat van hulle "worden vereischt een licentie kosten 2s;:6d. per maand uit te nemen met de wasch Kaffirs en in dezelfde plaats waar al de Kaffirs waschen met hen op gelykstelling onze arbeid voort te zetten".[17] Die regering het daarop die maandelikse waslisensie na een sjieling verminder en die wasregulasies in die *Staatscourant* van 21 Maart 1894 gepubliseer.

Sedert die wasbedryf as gevolg van hierdie regulasies onder die jurisdiksie van die Gesondheidskomitee gekom het, was die Zoeloes die eerste wat hulle as wassers aangemeld het. Die Zoeloes het as't ware 'n soort monopolie in die wasbedryf gehad omdat hulle dit vir die ander stamme onplesierig gemaak het. Die wasregulasies het bepaal dat elke persoon in die wasbedryf geregistreer moes word en 'n armband waarop die nommer van sy maandelikse lisensie verskyn, aan sy linker boarm moes dra. Elke maand moes die lisensie teen 'n fooi van een sjieling hernieu word.[18]

Die maandelikse hernieuwing van hierdie waslisensies het later 'n bekende sosiale instelling van Johannesburg geword. Elke groep van 50 Zoeloes het 'n eie leier (dikwels 'n hooggeplaaste induna) gehad. Hierdie induna het absolute gesag oor sy groep gevoer. Hy het ook die werwing van Zoeloes vir die wasbedryf behartig en alle vakante poste in sy eie groep aangevul. Aan die begin van elke maand het die onderskeie groepe vanaf die verskillende wasplekke onder geleide van hulle oorlogsliedere na die markplein gemarsjeer en daar hulleself agter die brandweergebou in gelid opgestel. Terwyl hulle hier gewag het om hulle maandelikse lisensies uit te neem, het hulle te midde van hulle oorlogskrete en sang stamdanse uitgevoer. Nadat die groepvertoning 'n ruk geduur het, is geleentheid vir individuele vertonings gegee.[19]

Teen 1895 was daar ongeveer 790 Zoeloes by die verskillende wasplekke in Braamfontein, Aucklandpark, Concordia, Elandsfontein en Booysens bedrywig. Die Zoeloes het al langs die stroompies dammetjies van drie meter by vyf meter uitgegrawe. Die oorloop van die een dam het in die volgende dam ingeloop sodat die damme laer af in die stroompie al die vuil water van die damme hoër op opgevang het. Die damme se bodems was modderig en deurdat tot ses Zoeloes in een dammetjie gestaan het, is die water baie besoedel.[20]

Die Zoeloes het een sjieling per maand aan die eienaar van die wasplek betaal vir die reg om daar klere te was en £1 per maand vir die reg om 'n woning by die wasplek op te rig. Sommige Zoeloes het persoonlik wasgoed by Blankes gaan haal. Die meeste het wasgoed by Maleiervroue geneem. Die Maleiervrouens het die wasgoed by Blankes geneem teen vier sjielings per dosyn wasgoedstukke. Die Zoeloes neem dan die bondels wasgoed by die Maleiervrouens, was dit teen nege tot twaalf sjielings per bondel (volgens gewig) en lewer dit ongestryk aan die Maleiervrouens wat dit stryk en gaan aflewer. Die wasgoed het baie verniel as gevolg van die gebruik om klere teen klippe te

17. S.S. 4154 Inkomende Stukke R 2350/94: Memorie W.L. Keet e.a. — Staatspresident, 15 Desember 1893, pp. 98—99.
18. *The Standard and Diggers' News*, 9 Julie 1895: The Wash Boys' Parade.
19. *Ibid.*
20. Johannesburg City Archives Stadsgeneesheer, Reports: Weeklikse rapport van die Stadsgeneesheer, No. 36, 29 Oktober 1895.

slaan om die stof uit te kry.[21] Dit was 'n bekende gesig om die drade en bosse by die wasplekke oortrek met klere wat gedroog word, te sien.

Gedurende die droogte van 1895 het baie van die waterstrome by die wasplekke opgedroog of so besoedeld geraak dat die stadsgeneesheer aanbeveel het dat hulle gesluit moes word. Vanaf Desember 1896 tot 13 September 1897 is die grootste gedeelte van die wasgoed op Witbank gewas en spesiale reëlings moes getref word om die wasgoed en die Zoeloes per trein daarheen te vervoer. Gedurende Maart 1897 is nie minder nie as 5 673 bondels wasgoed (gewig van 150 ton) daarheen vervoer. As gevolg van die ekstra uitgawe en ongerief, is later weer van die ou wasplekke gebruik gemaak.[22] Sedert die oprigting van stoomwasserye in 1897 is al minder wasgoed deur nie-blankes gewas.

Die Zoeloes het ook by die aanstelling van nie-blanke konstabels voorkeur geniet. Op 2 September 1886 het die Uitvoerende Raad besluit om 'n blanke hoofkonstabel teen £125 per jaar en twee "zwarte constabels" teen £42 per jaar aan te stel.[23] Op versoek van die spesiale landdros van Johannesburg het die Uitvoerende Raad besluit om nog vier blanke en ses nie-blanke konstabels in Johannesburg aan te stel. Aanvanklik is van Zoeloes en Basoeto's as konstabels gebruik gemaak, maar vanaf 1891 is Basoeto's nie meer aangestel nie "wegens het gebruik die zij hebben tot het afpersen van geld".[24] Die nie-blanke polisiemag is geleidelik uitgebrei. Teen 1898 was daar 15 konstabels, 68 bewaarders, 12 speurpolisie en ses drankinspekteurs.[25]

In Februarie 1887 het spesiale landdros Von Brandis toestemming by die regering gevra om ses "Kaffers aantenemen tegen £1 per maand elk en Ransoenen namelijk pap — en alleen op Zaturdagen met de pap voor 1/- vleesch — als eene Zoort van Politie", om oortreders van die gesondheids- en "zindelijkheids maatregelen" in die dorp en buitewyke van Johannesburg aan te keer en om die prisoniers wat snags die nagvuil verwyder, te bewaak.[26] Dit was die begin van die nie-blanke konstabels in diens van die Gesondheidskomitee en latere Stadsraad. Teen 1897 het hierdie polisiemag bestaan uit een blanke inspekteur en sewe nie-blanke konstabels wat toesig oor die lokasies binne die jurisdiksie van die Gesondheidskomitee moes hou.[27]

Volgens die sensus van 15 Julie 1896 was die tweede grootste aantal nie-blankes in die stad as huisbediendes werksaam. Die grootste gedeelte van die huisbediendes was tydelike werkers wat met tussenposes weer na hulle stamgebiede teruggekeer het. Daar was egter ook 'n aantal nie-blanke vrouens as skoonmaaksters in blanke huise en kantoorgeboue of as kinderoppassers werksaam. Die teenwoordigheid van hierdie vroue het daartoe bygedra dat die vestiging in die lokasies geleidelik van 'n per-

---

21. *The Star*, 20 April 1898: Johannesburg's Wash-tub.
22. Z.A.R. 96 Regulasies Gesondheids Komitee, ens., 1890—1897, Diverse: Stadsraad Johannesburg, Jaarlijksch Rapport van den Inspekteur over Kleurlingen en Publieke Verkeer over het Jaar eindigende den 31sten Desember 1897, p. 5; Z.A.R. 184 Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1899, p. 374.
23. U.R. 7 Besluite, Art. 192, 2 September 1886, p. 420.
24. S.N. 18 Inkomende Stukke SR 93/91: Kommandant van Polisie Johannesburg — Assistent-landdros Johannesburg, 21 Januarie 1891.
25. Z.A.R. 183 Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1898, pp. 308, 312—313.
26. S.S. 1360 Inkomende Stukke R 1280/87: Spesiale landdros Johannesburg — Staatsekretaris, 25 Februarie 1887, p. 204.
27. M.S. Appelgryn: Die Ontwikkeling van Plaaslike Bestuur in Johannesburg, 1886—1899, p. 252. (Ongepubliseerde MA-verhandeling, R.A.U., 1971).

manente aard geword het. Teen 1890 was daar ongeveer 1 000 huisbediendes in die stad.[28]

Daar is hoofsaaklik van nie-blanke mans in plaas van vrouens gebruik gemaak. Hulle ekonomiese posisie was gelykstaande aan dié van die mynarbeiders. Hulle het 'n weeklikse loon van 15s. ontvang en hulle kos en woonkwartiere is gewoonlik deur die werkgewers verskaf. Die skaarste aan swart arbeiders op die myne het ook 'n invloed op die beskikbaarheid van huisbediendes en hulle lone gehad. 'n Skaarste aan swart arbeiders het gewoonlik die lone opgedwing. Tesame met die tekort aan swart arbeiders op die myne gedurende 1896 het daar ook 'n groot tekort aan huisbediendes in die stad ontstaan. Net soos op die myne is die toestand van hongersnood in stamgebiede as oorsaak van die tekort gesien. Versoeke is derhalwe tot die owerhede gerig om hierdie hongerlydende swartes na Johannesburg te bring as werknemers in Blanke huishoudings "al is het ook jonge mannetjie of vrouwlijke schepzeltjes om kleine huist werkjes te doen".[29] Soos reeds aangetoon, was die swartes nie geneë om na die Rand te kom nie.

Ooreenkomstig die 1896-sensus was die grootste groep nie-blankes in die industriële arbeidsmark betrokke. Nieteenstaande hierdie feit bestaan daar in die bestaande bronnemateriaal feitlik geen besonderhede oor die aard van hierdie werkgeleentheid nie. Dis egter duidelik dat die meeste swartes in die boubedryf werksaam was waarin die ongeskoolde werk deur hulle verrig is. Baie van hulle was as steenmakers werksaam. In hoe 'n groot mate die hele boubedryf van swart arbeid afhanklik was, blyk daaruit dat gedurende die tekort aan swart arbeiders as gevolg van die politieke onrus op die Rand aan die begin van 1896 die volgende berig in *The Star* verskyn het: "At present the labour market of Johannesburg seems to be absolutely controlled by kaffirs. They have only to absent themselves from work, and building stops. There are now several buildings in course of erection remaining unfinished, and workmen standing idle, because coloured labour is unobtainable".[30]

Gedurende 1897 is 'n nuwigheid op die Rand tot stand gebring deur die indiensneming van die eerste 12 skoenskoonmakers – die sogenaamde *Boot-Black Brigade* – deur Robberts en Williamson wat 'n konsessie vir die doel by die regering sowel as die Gesondheidskomitee verkry het. Die skoenskoonmakers het meestal uit jong swartes bestaan en is onder 'n dienskontrak van ses maande in diens geneem. Hulle is van uniforms en politoermateriaal voorsien. Die fooi vir die politoer van 'n paar skoene of stewels was 'n sikspens. 'n Fiets kon ook vir 'n sikspens skoongemaak word. 'n Trotse fietseienaar kon teen die betaling van vyf sjielings verseker dat sy fiets elke dag vir 'n maand lank skoongemaak word – hetsy by sy private of besigheidsadres.[31]

Reeds in Mei 1891 is in *The Star* berig dat "the news-boy of Johannesburg has become as much an institution among us as the digger and the share-broker".[32] Swartes van alle ouderdomme vanaf vyf jaar tot grysbaarde het 'n verdienste uit

---

28. *The Star*, 6 September 1890: The Kitchen Boy.
29. S.N. 40 Inkomende Stukke SR 2586/96: Onder-kommissaris van Naturelle Wyk Witwatersrand – Superintendent van Naturelle, 3 Desember 1896; S.N. 40 Inkomende Stukke SR 2537/96: Tweede Spesiale Regterlike Kommissaris Johannesburg – Superintendent van Naturelle, 26 November 1896.
30. *The Star*, 14 Januarie 1896: In the Hands of Kaffirs.
31. *Ibid.*, 18 Oktober 1897; Street Scenes.
32. *Ibid.*, 6 Mei 1891: Johannesburg news-boys.

koerantverkope gemaak. Die meeste van hulle het net die koerant se naam as skreeuende reklame uitgeroep, terwyl die meer vindingrykes die hooflyne van die nuus uitbasuin het om die verkope aan te moedig.

As gevolg van die ekonomiese insinking sedert 1896 kon baie mense hulleself nie meer die luuksheid van 'n rit in 'n huurrytuig ("cabby") veroorloof nie. Gevolglik het die aantal huurrytuie vanaf 1897 drasties verminder. Teen 1897 het die eerste *riksjas* in die stad verskyn. Na aanleiding van die Natalse voorbeeld is die *riksja* hoofsaaklik deur Zoeloes getrek. Omdat dit goedkoper was, het baie mense van hierdie soort vervoer gebruik gemaak. Derhalwe het die aantal *riksjas* vermeerder sodat daar teen 1898 ongeveer 100 van hulle in die stad was.[33]

Die private ondernemings deur swartes was net tot 'n klein groepie beperk. Die halfgeskoolde swart vakmanne het hoofsaaklik bestaan uit skrynwerkers, verwers, tuiemakers, putgrawers, kruiedokters, rytuigeienaars, sendelinge en onderwysers.[34] Bierbrouery was hoofsaaklik tot swartvrouens in die lokasies beperk. Die doel was om 'n ekstra inkomste uit die verkoop van bier te verkry. Met die verbod op die verkoop van drank aan nie-blankes is hierdie bedryf op 'n onwettige wyse voortgesit. Dit was onderhewig aan voortdurende klopjagte deur die Gesondheidskomitee se polisie. Toe sake vir hulle te warm geword het, het 21 nie-blanke vrouens hulle tot die regering gewend met die versoek dat bierbrouerye toegelaat moes word omdat hulle die bier as voedsel gebruik.[35] Hierdie verduideliking het egter nie met die gesondheidsinspekteur se opvatting van die bierbrouery ooreengekom nie. Volgens hom was die bier nie vir huishoudelike gebruik gemaak nie, aangesien "meerendeel daarvan gemengd is met Kaapsche brandewijn en andere spiritualien" wat onder die naam van "Kafferbier" verkoop is.[36]

## Woonomstandighede

Met die aanleg van Johannesburg is daar aanvanklik geen voorsiening vir behuising van die nie-blanke bevolking gemaak nie. Die meeste nie-blankes het op die persele van hulle eienaars gewoon. Sommiges het sinkgeboue op leë standplase opgerig. Sulke geboue was oorvol bewoon en het spoedig tot die ontstaan van krotbuurte in die stad aanleiding gegee. Veral aan die weste- en oostekant van Markstraat het 'n groot samewoning van nie-blankes ontstaan.[37]

Op 26 November 1887 het die Uitvoerende Raad sekere aanvullende regulasies vir die Johannesburgse Gesondheidskomitee goedgekeur. Artikel 122 van hierdie regulasies het bepaal dat "het Gezondheids-Comité van Johannesburg mag ten allen tijde en ter eeniger plaats binnen het jurisdictie-gebied zoodanige verblijfplaats of locatie voor inboorlingen van alle stammen aanleggen, als het wenschelijk moge achten en ingeval zulk een locatie of locatiën, hetzij door gezegd Comité of door het Goewerment binnen gezegd jurisdictie-gebied wordt of worden aangelegd, zal gezegd

33. *Ibid.*, 11 Augustus 1898: Cabs and Cabbies.
34. Vergelyk byvoorbeeld die beroepe van memorialiste in S.N. 38 Inkomende Stukke SR 2063/96: Memorie Mzimba e.a. — Superintendent van Naturelle, 28 September 1896.
35. S.N. 49 Inkomende Stukke SR 807/97: Verklaring van Emma Tunzi en 20 ander nie-blanke vrouens, 27 Maart 1897.
36. S.N. 49 Inkomende Stukke SR 807/97: Gesondheidsinspekteur — Regerings-kommissaris, 9 April 1897.
37. Johannesburg City Archives Sanitary Department Annual Reports: Jaarverslag van die Gesondheidsinspekteur oor 1893, pp. 8—9.

Comité bij Besluit zulke regulatien maken en zulke beampten aanstellen voor een behoorlijk krachtdadig toezicht daarover ..."[38]

Na aanleiding van hierdie besluit is 'n stuk grond ten weste van Johannesburg (waar die huidige Newtown geleë is) opsy gesit vir "Koelies, Arabiere en gekleurde persone".[39] Onder gekleurde persone is sowel Kleurlinge as swartes verstaan. Hierdie standplase is gedurende Junie 1889 deur die regering op 'n publieke veiling onder die gewone voorwaardes aan "Koelies en Aziaten als een Locatie" verkoop, naamlik een derde kontant en die res oor 12 maande. Vir standplase van 50 x 50 voet moes 'n maandelikse lisensie van 7s.:6d. betaal word en vir standplase van 50 x 100 voet 11s.:3d. Die eiendomsbewyse vir hierdie standplase was soortgelyk aan dié in die stad, met dié voorbehoud dat hulle nie op die name van blankes oorgedra kon word nie.[40]

Aangesien hierdie Indiërlokasie slegs uit 96 standplase bestaan het, is 'n nuwe stuk grond daaraan toegevoeg vir bewoning deur Maleiers en swartes. Teen 1893 was daar reeds 2 000 inwoners in die swart lokasie en 3 700 inwoners in die Indiërlokasie. Al die standplase was bewoon en 'n toestand van oorbevolking het ontstaan.[41]

Weens die uitbreiding van die spoorweg en die aanleg van 'n goedereloods het die N.Z.A.S.M. 'n groot gedeelte van die regeringsgedeelte van Braamfontein gedurende 1893 onteien. 'n Groot gedeelte van die swart lokasie het binne die onteiende gebied geval.[42] As kompensasie vir die onteiende grond het die regering in Augustus 1894 'n groot stuk van die regeringsgedeelte van Braamfontein opsy gesit vir bewoning deur armblankes, nie-blankes en Asiatiese mense. Die standplase is soos volg toegeken: 496 vir armblankes, 789 vir Maleiers; 1 041 vir swartes en 685 vir Indiërs.[43]

Die nuwe lokasies was ten weste van die Braamfonteinse begraafplaas geleë. "First in order comes the habitat of the kaffirs, who, as being more cleanly in their ways, have been preferred for the spot nearest the town".[44] Die maandelikse lisensiegelde sou 7s.:6d. per standplaas wees. Aansoeke om standplase moes by die mynkommissaris ingedien word. Die swartes het die geleentheid om goeie standplase te bekom, aangegryp en teen die einde van 1894 het 1 100 reeds in die nuwe lokasie gewoon. Die ou swart lokasies het opgehou om te bestaan en is deur Blankes betrek. Die Indiërs het egter geweier om na die nuwe Indiërlokasie te verhuis. Ten einde die Indiërs aan te spoor om te verskuif, het die gesondheidsuperintendent aanbeveel dat die Swartes wat in die Indiërlokasie gewoon het, eerste verplig moes word om te verskuif, want dan sou die Indiërs 'n groot deel van die inkomste wat hulle deur verhuring en verkope uit die swartes verkry het, verloor.[45]

Om te verhoed dat krotbuurtes in die nuwe lokasies ontstaan, het die Gesond-

---

38. Z.A.R. 96 Regulasies Gesondheids Komitee, ens., 1890–1897, Diverse: Sub-Regulatien voor het Gezondheids Comité te Johannesburg, p. 45; Z.A.R. 67, *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, Deel X, No. 475, 19 Februarie 1890, p. 159.
39. Johannesburg City Archives Gezondheids Comité: Index to Minutes (Die Notuleboek van 1889 het blykbaar verlore geraak); J.R. Shorten: Die Verhaal van Johannesburg, p. 755; *The Standard and Transvaal Mining Chronicle*, 28 Maart 1888: Local and General.
40. S.S. 6867 Inkomende Stukke R 16531/97: Mynkommissaris Johannesburg — Hoof van Mynwese, 20 Januarie 1897, p. 100.
41. Johannesburg City Archives Sanitary Department Annual Reports: Jaarverslag van die Gesondheidsinspekteur vir 1893, p. 13.
42. *Ibid.*; U.R. 11 Besluite, Art. 176, 4 April 1893, pp. 150–151.
43. Johannesburg City Archives Sanitary Department Annual Reports: Jaarverslag van die Gesondheidsuperintendent vir 1894, p. 8.
44. *The Star*, 29 Junie 1894: The New Locations.
45. *Ibid.*, 117 Augustus 1894: Sanitary Board.

heidskomitee konsepregulasies vir die lokasies opgestel. Op 9 Mei 1895 is dit deur die Uitvoerende Raad goedgekeur en in die *Staatscourant* van 15 Mei 1895 gepubliseer. Hiervolgens moes alle nie-blankes vanaf 15 Mei 1895 in die lokasies woon. Geen standplase mag onderverhuur word nie. Die grootte en wyse van die oprigting van wonings is omskryf en die maksimum aantal persone per woning is op ses vasgestel.[46]

Ten spyte van verskeie pogings om die nie-blankes na die lokasies te verskuif, het die meeste nog steeds in die stad bly woon. Tydens die sensus van 1896 was die verspreiding van die swartes volgens woongebiede binne die jurisdiksie van die Gesondheidskomitee soos volg:[47]

| | Mans | Vrouens | Totaal |
|---|---|---|---|
| Wyk I .................. | 537 | 66 | 603 |
| Wyk II .................. | 1 290 | 182 | 1 472 |
| Wyk III ................ | 2 517 | 65 | 2 582 |
| Wyk IV ................. | 1 996 | 100 | 2 096 |
| Wyk V .................. | 959 | 84 | 1 043 |
| Wyk VI ................. | 760 | 79 | 839 |
| Vrededorp en Maleierkamp | 89 | 1 | 90 |
| Steenmakersgronde ....... | 3 502 | 67 | 3 569 |
| Lokasies (Indiër) ......... | 150 | 58 | 208 |
| Lokasie (swart) ......... | 1 161 | 532 | 1 693 |
| TOTAAL | 12 961 | 234 | 14 195 |

Volgens hierdie opgawe het daar 12 294 swartes in die blanke gebiede gewoon, terwyl slegs 1 901 in die lokasies gewoon het. Hierdie toestand is in die hand gewerk deurdat baie blanke werkgewers woonkwartiere vir hulle swart arbeiders opgerig het. Sommige firmas het tot ongeveer 100 van hulle swart arbeiders op hulle persele laat slaap. Die blanke werkgewers het verkies dat swart arbeiders op hulle persele slaap aangesien, volgens hulle bewering, die swartes wat in die lokasies gewoon het laat by die werk opgedaag het.[48]

Die optrede van die blanke werkgewers het die pogings om die nie-blankes na die lokasies te verskuif in die wiele gery. Gedurende Februarie 1897 wou die veldkornet van Johannesburg by die regering weet wat hy moes doen om die nie-blankes in die blanke gebiede na die lokasies te verskuif, want "herhaaldelijk komen er klachten bij mij van de Blanke inwoners omdat Kaffirs en Hottentotten in het midden van de Blanke bevolking alhier wonen en dat zij zeer brutaal zijn".[49] Die veldkornet kon egter

46. Z.A.R. 72 *Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, Deel XV, No. 762, 15 Mei 1895, pp. 123—124. Kyk ook Bylae C.
47. Z.A.R. 96 Regulasies Gesondheids Komitee, ens., 1890—1897, Diverse: Johannesburg Gezondheids Comité Sanitaire Dept., Sensus 15 July 1896, Rapport van den Census Directeur, Deel I, Opgawe 1, pp. 2—3.
48. Z.A.R. 96 Regulasies Gesondheids Komitee, ens., 1890—1897, Diverse: Stadsraad Johannesburg, Sanitasie Dept., Jaarlijksch Rapport over het Jaar eindigende den 31sten Desember 1897, p. 10.
49. S.N. 41 Inkomende Stukke SR 402/97: Veldkornet Johannesburg — Superintendent van Naturelle, 11 Februarie 1897.

niks aan die saak doen nie aangesien hierdie aangeleentheid onder die jurisdiksie van die Gesondheidskomitee geval het.

Teen die einde van 1897 het daar al ongeveer 3 600 swartes op 477 beboude standplase in die nuwe swart lokasie gewoon. Die Indiërs het egter nog steeds geweier om na die nuwe Indiërlokasie te verhuis. Dat die ou Indiërlokasies inderdaad oorbevolk was, blyk daaruit dat daar teen 1897 ongeveer 3 500 Indiërs op 89 beboude standplase gewoon het.[50] Ten spyte van verskeie pogings van die Stadsraad om die Indiërs na die nuwe lokasie te verskuif, het die nuwe lokasie steeds leeg gebly. Weens die gespanne toestand voor die Tweede Vryheidsoorlog het die regering aan die Stadsraad van Johannesburg opdrag gegee om die Indiërs "voor het tegenwoordige met rust te laten".[51]

50. Z.A.R. 96 Regulasies Gesondheids Komitee, ens., 1890—1897, Diverse: Stadsraad Johannesburg, Jaarlijksch Rapport van den Inspekteur over Kleurlingen en Publiek Verkeer over het Jaar eindigende den 31sten Desember 1897, p. 3.

51. S.S. 6867 Inkomende Stukke R 16531/99: Staatsekretaris — Burgemeester Johannesburg, 29 Junie 1899, pp. 131—132.